SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging
SA Hunters and Game Conservation Association

Plot 3, Mountain Drive 7 / Plot 3, 7 Mountain Drive, Derdepoort
Posbus / PO Box 1952, Montana Park, 0159
Tel: (012) 808-9300 Faks / Fax: (012) 808 9344
E-pos / Email: admin@sahunt.co.za Web: www.sahunters.co.za

*Suid-Afrika se Grootste Bewaringsorganisasie - gefokus op Bewaring deur Volhoubare Benutting*
*South Africa's Largest Conservation Organisation - focussed on Conservation Through Sustainable Use*

# (SG02) RANDSLAG OPE

**SPORTSKIETOEFENINGE DIEN AS VAARDIGHEIDSONTWIKKELING EN KWALIFISEER NIE VIR DIE GROOT 5 TOEKENNING NIE**

## 1) Inleiding

Die doel van die oefening is om die veilige hantering van 'n geweer, die akkurate skietvermoë en trajekvaardigheid van 'n skut met die gebruik van die randslag kalibers en luggewer onder praktiese omstandighede te toets. Hierdie kan ook dien as 'n opleidings skietoefening vir alle skuts wat hul praktiese skietvermoë wil verbeter op 'n bekostigbare wyse.

## 2) Ouderdom

Hierdie skietoefening is 'n ope klas vir almal, met geen onderskeid vir verskillende klasse of ouderdomsgroepe nie.

## 3) Aftand

25m , 50m

## 4) Universele reëls by skietoefeninge

Sien aparte dokument "Universele reëls by skietoefeninge" – dokument: J006.34.04A - vir beskrywing van algemene items

## 5) Skietbaan Veiligheidsreëls en Standaardbevele

Sien "Skietbaan veiligheidsreëls vir Deelnemers" en "Standaardbevele op die skietbaan" - dokument: J006.35.01A - vir laai, ontlaai en veiligheidsprosedures.

## 6) Gewere en kalibers

Vir die skietoefening word .22 Randslag (alleenlik .22 Long en .22 Short) kaliber gewere en enige luggeweer tot 'n maksimum van .22 kaliber (5,5mm) toegelaat.

## 7) Visiere of teleskope

Geen beperking op visiere of teleskope nie.



## 8) Unieke Veiligheidsmaatreëls

Luggewere is nie vuurwapens nie, maar kan ernstige beserings veroorsaak en moet te alle tye veilig hanteer word net soos vuurwapens.

## 9) Oefening (item verwysings na "Universele reëls by skietoefeninge")

**9.1 Tydspbeperking: 3 minute per oefening van 5 skote vir 'n totaal van 15 skote**

**9.2 Skietoefeninge**

a. Oefening 1: vanaf **50 meter** word **5 skote** geskiet vanuit die vryhand lê posisie sonder enige ondersteuning (verwys na item 18.1.1)

b. Oefening 2: vanaf **25 meter** word **5 skote** geskiet vanuit die vryhand sitposisie sonder enige ondersteuning (verwys na item 18.2.1)

c. Oefening 3: vanaf **25 meter** word **5 skote** geskiet uit die vryhand staanposisie sonder enige ondersteuning (verwys na item 18.4.1)

## 10) Erkenning

Skietbalkies met onderste afsnypunte van onderskeidelik brons, silwer en goud: **90, 105 en 120** is beskikbaar vir die skietoefening met 'n maksimum puntetelling van **150**.

## 11) Teiken

Die teiken is die S03 teiken en is by die SAJWV Jagterswinkel beskikbaar. Ware teiken grootte A3 (29.5cm x 42cm)




Voorbeeld




**(A)** Skoot wat buite die tel-area van 'n diagram val, kry 'n nul telling .

**(B)** Waar die koeëlgat aan 'n lyn raak sal die hoër waarde aan die skoot toegeken word. [6]

**(C)** Indien daar meer as vyf skote per tel-diagram geskiet is, word die skut met die hoogste tellers gepenaliseer vir die aantal skote te veel op die diagram.

**(D)** Die totale telling wat behaal kan word, is 150. Proefskote word Voorbeeld links bo en regs bo geskiet op die diagramme voorsien.

**Datum hersien: 2017-09-07**